**2 April**

## Ons getalle min, maar God se dade groot

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 7:11-24 OAV**
**Fokusgedeelte: Vers 17-19**

Op die vooraand van die intog in Kanaän praat Moses die volk moed in. Veertig jaar gelede het die volk in ongeloof geswig, uit vrees vir die nasies van die land. Nou staan hulle weer voor die dieselfde bedreiging! Hulle sou weer kon begin twyfel as hulle dink die nasies is te veel en te groot. En juis dan kom geloof ter sprake: "Dink gedurig aan die magtige dade (letterlik: versoekinge) wat die Here voor julle in Egipte gedoen het, en hoe Hy julle daardeur uit die slawehuis uitgelei het (vs 18).

As ons getalle in ag neem, is die kerk van die Here maar soos 'n druppel in die emmer teen die heidene van die wêreld rondom ons. Ook die bedreiginge van misdaad en geweld dreig om ons te verskrik. Die herinnering aan die magtige dade van die Here kan egter groot vrede bring – solank ons dit maar gedurig in ons gedagtes oproep. As Hy Israel destyds deur sy wonders en uitgestrekte arm so kon verlos, hoeveel meer kan ons verwag dat Hy dit vir ons sal doen as die ongelowiges ons daagliks bedreig? Maak dus seker dat jy in die Bybel van al die groot dade van die Here lees en dit onthou.

Die grootste daad is immers die verlossing deur Christus toe Hy ons uit ons werklike nood, die sonde en verdoemenis, verlos het! Laat ons dit vandag weer vir mekaar sê: "Skrik nie vir hulle nie, want die Here jou God is by jou, 'n groot en gedugte God" (vs 21).

*Sing: Psalm 40:3, 4* *Ds. Maarten van Helden (Centurion)*